Opportunistiese infeksies wat MIV vergesel, kan behandel word!

Behandel die mense. Red lewens!

Kabinetsverklaring: "Niemand mag sonder behandeling weggestuur word nie; niemand se MIV-status mag teen hulle tel nie".

"Omdat middels wat infeksies soos meningitis, orale sproei, TB en longontsteking behandel, so krities belangrik is, het die Kabinet die publiek, veral mense wat met vigs saamleef, aangespoor om 'n oog te hou oor die beskikbaarheid van hierdie middels."

Siektes wat dikwels met MIV gepaard gaan, word opportunistiese infeksies (OI's) genoem. Die meeste OI's kan voorkom word of by klinieke behandel word.

Leer hoe om gesond te bly en kom op vir jou regte.

TAC
TREATMENT ACTION CAMPAIGN

NASIONALE KANTOOR 011-403 2293
OOS-LONDEN: 043-760 0050 KAAPSTAD: 021-364 5489
Webwerf: http://www.tac.org.za

Steun vrywillige MIV-berading en -toetsing. Daar is direkte voordele aan verbonde om jou MIV-status te weet.
Daar is medisyne wat jou gesondheid kan verbeter.
Beoefen altyd veiliger seks en gebruik kondome.